ANTARKTIESE BULLETIN

JULY, 1965 — No. 10 — JULIE 1965

Published by the South African Antarctic Association
16, Anderson Street, Brooklyn, PRETORIA.

Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging
Andersonstraat 16, Brooklyn, PRETORIA.

Patrons/Beskermhere: Prof. S. P. Jackson, M.A., D.I.C., Ph.D.
Dr. S. Meiring Naudé, M.Sc., Ph.D., D.Sc.h.c., L.L.D.h.c.

Editor/Redakteur: J. J. Taljaard

DERDE JAARLIKSE DINEE VAN DIE VERENIGING

Die derde jaarlikse dinee van die S.A. Antarktiese Vereniging is in die Constantiaklub, Pretoria, gehou op Saterdagaand, 12 Junie 1965. Die W.K. Groblersaal was gevul met 50 gaste, waarvan 30 uit Pretoria, 13 vanaf Johannesburg, 3 vanaf Potchefstroom, 2 vanaf Lichtenburg en een elk vanaf Kaapstad en Vryheid afkomstig was.

Die eregaste aanwesig was Dr. en Mev. S. M. Naudé, Prof. S. P. Jackson, Prof. P. H. Stoker, Victor von Brunn en sy moeder, Mev. R. von Radio, Mnr. en Mev. A. Morris, Mnr. en Mev. G. Fitzgerald en Mnr. V. Thompson. Mnre. Morris, Fitzgerald en Thompson is ampsdraers van B.P. Suidelike Afrika, skenker van die S.A. Antarktiese Medalje.

Ander vername persone wat die funksie bygewoon het was Prof. T. W. Gevers van die Geologie Departement, Universiteit Witwatersrand en Dr. Edna Plumstead, ook van Wits. Mnr. Kosie Jooste, Direkteur van die Buitelandse Uitsaaidiens van die S.A.U.K., het as seremoniemeester opgetree, 'n taak wat hy op besonder luimige wyse vervul het.

In sy openingswoorde het Mnr. D. G. Kingwill, Voorsitter van die Vereniging, 'n spesiale woord van verwelkoming gerig aan Dr. Naudé wat ingestem het om mede-beskermheer van die Vereniging te word, saam met Prof. Jackson. Dr. Naudé het nie slegs Antarktika reeds besoek nie, maar hy was ook in Arktiese gebied in 1956 gedurende 'n militêre konferensie, waartydens hy een nag by Fort Churchill in die noorde van Kanada in temperature van minus 30°C deurgebring het en waarna hy verder oor die Arktiese gebied gevlieg het.

Afgesien van die uitstekende ete wat voorgesit is, was die hoogtepunte van die aand die geleentheidstoespraak deur Prof. Stoker en die oorhandiging van die S.A. Antarktiese Medalje aan Victor von Brunn.

Kommandant W. J. Chapman, wat voorsitter van die Medaljekomitee was, het die motivering vir die toekenning van die medalje aan von Brunn voorgelees, waarna Mnr. Morris die medalje oorhandig het.

Prof. Jackson het die geleentheid afgerond deur die Komiteelede en ander persone wat behulpsaam was met die organisasie van die dinee geluk te wens met die uitstaande sukses van die geleentheid. Hy het verwys na die belangrike aanmoediging wat B.P. maak vir Antarktiese Navorsing deur beskikbaarstelling van die Medalje. Hy het ook sy groot genoeë en waardering betuig om Dr. Naudé as mede-beskermheer van die Vereniging te verwelkom.

(Die toespraak van Prof. Stoker, die motivering vir die toekenning van die Medalje aan Victor von Brunn, en Vic se bedankingswoorde volg hieronder.)



Mnr. A. E. Morris, Transvaalse Bestuurder van BP Suidelike Afrika, oorhandig die S.A. Antarktiese Medalje aan Victor von Brunn.